durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

26 Mei 2019

## 26 Mei 2019

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Pieter Henning*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Jana Dickason*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: Jan Kriel Instituut**

Jan Krielskool fokus op die onderrig en opleiding van leerders met spesiale onderwysbehoeftes.

## 30 Mei 2019 , HEMELVAART

19:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*

## 2 Junie 2019, Doop, PINKSTER, Biddag: Ekologie

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Prof. Fanie Venter*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Prof. Fanie Venter*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens PINKSTER**
*Prof. Fanie Venter*

**Deuroffer: Bybelgenootskap**

## NUUS:

30 Mei: Hemelvaart (kerkkantoor gesluit)
30 Mei-5 Junie: D4J 10 dae van Gebed
2-5 Junie: Pinkster
9 Junie: Biddag Jeug & Kategese
14 Junie: Skole sluit & Gr 4-6 Oorslaap




Hemelvaart herinner ons aan die voltooidheid van Jesus se Verlossingswerk op aarde. Hy vaar op om aan die regterhand van God die Vader te regeer en verseker daardeur dat ons saam met Hom sal regeer. Jesus is die waarborg dat ons ganse mensweees by Hom sal wees na sy Wederkoms.
Handelinge 1:9-11

Handelinge 1:11b
"Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die Hemel toe sien opgaan het."




Dit is die tyd waar die werk van die Triniteit gevier word: agter alles staan God as Vader, as Skepper en Herskepper wie se verlossingsplan deur Christus en die Gees waar word.

Christus het opgestaan en so die oorwinning oor die dood bekragtig. Maar dis die Gees wat aan ons geloof skenk en wat die opstandingslewe in ons bewerk. Die Gees skakel ons by God se plan in:
as ontvangers én verspreiders van die Nuwe Lewe.

## Pinkster 2-5 Junie 2019

**PINKSTERTEMA: Heilige Gees leer & laat leef**

Prediker: Fanie Venter van Kerk Sonder Mure waar hy sedert 1996 verbonde is.
Sondag 2 Junie (8:15, 10:00 & 18:00)
Maandag 3 - 5 Junie (9:30 & 19:00)
**Soggens gratis tee en saans ligte etes te koop tussen R15 - R30**



# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte op ons voorstoep




### BERGSIG BREIPROJEK



Ons het wol aangekoop en nooi almal om saam te brei om aan iemand 'n bietjie ekstra warmte te verskaf in hierdie winter.

Daar is wol en patrone (sokkies en mussies) in die voorportaal beskikbaar. Serpe is ook welkom.

Breiwerk wat teen 10 Junie ontvang word, kan bv. vir die Merweville Uitreik tydens die skoolvakansie gebruik word.

Daar is ook deurlopend behoeftes by bv. Ouetehuise.



(Ons is vir eers klaar met die kombersie-blokke-projek)

Kom brei lekker saam en verbly ander se harte.

### "Verhoudings deur hondestappies"

Ons gaan begin om in Fisantekraal lesse aan te bied vir honde-eienaars en hul honde. Basiese opleiding en ander insette word verskaf. Ons benodig asb. halsbande en leibande - enige grootte (dit bly in ons besitting), honde-vriendelike snoepgoed om honde aan te moedig bv. Beenos en dan benodig ons vrywilligers!!

Hierdie is 'n geleentheid om nuwe verhoudings te bou en dissipels te wees, dus as jy nie omgee vir stof en hondehare nie, kom help asb. Een vrywilliger per honde-eienaar werk goed. Alle ouderdomme is welkom, bring sommer jou eie honde saam, daar is altyd kinders wat nie 'n hond het nie en wil deel wees. Kom soos dit jou pas.

Ons het toestemming om die veld te gebruik op Saterdag 8 Jun, 13 Jul, 3 Aug, 7 Sep, 12 Okt, 9 Nov van 9 tot 11 uur. Lessies self is ongeveer 'n uur lank. Honde raak moeg. Daarna gesels ons net spontaan en informeel met eienaars (en honde). Veld is naby polisiestasie en veilige area, by ingang van Fisantekraal. Bid asb vir hierdie geleentheid, ons het Jesus se leiding en teenwoordigheid baie nodig. Kontak asb Rachel Hattingh 072 107 3934

## Bergsigprojekte oor grense

MAF Flying for Life



Kirstein Combrink is 'n vlieënier vir MAF (Mission Aviation Fellowship) en vlieg sedert 2012 vir hulle in Tanzanië.

Amelia, sy vrou is al sedert 2009 in Tanzanië, waar hulle ook ontmoet het en in 2014 getroud is. Hulle het twee woelwater seuntjies Johan en Louis.

Ons is bevoorreg om hulle vandag in Bergsig te ontvang. Gesels gerus vandag met hulle om meer van hul bediening te hoor.

MAF het ten doel om deur logistiek en tegnologie die liefde van Jesus Christus na geïsoleerde gemeenskappe uit te dra deur in hulle fisiese en geestelike behoeftes te voorsien.

### POPPIES VAN LIEFDE:



**Suid-Oos Asië uitreik (Frontida)**

Nog 'n lekker breiprojek: Poppies

Daar is patrone en wol op die tafel by die voordeur beskikbaar.

Die poppies hoef nie toegewerk en opgestop te word nie.

Omdat dit vir 'n spesifieke uitreik is, moet die kleure asb groen, rooi en wit wees vir die klere en die gesiggies geel (nie wit of swart nie)

KONTAK: Annamare by die Uitreikkantoor vir meer inligting.

### PINKSTER KOSVERKOPE ten bate van UITREIKE

**SPYSKAART:**

Sondag: Sop (R15)
Maandag: Sop (R15), Kerriemaalvleisvetkoeke (R30)
Dinsdag: Sop (R15), Kerriemaalvleisvetkoeke (R30)
Woensdag: Sop (R15), Kerriemaalvleisvetkoeke (R30)

### SHILOH

Benodig skoot kombersies vir 'n ouetehuis (30)

en vir die kinders by die twee Wallacedene skole se twee nuwe klassies (30).


021 - 981 8241/36 Delene Kleyn

# Voorbidding

## Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Johan Cilliers | Heerengrachtstr. 11,082 928 2646 | Knievervanging | *Herstel en bemoediging* |
| Hannatjie du Preez en gesin | Kasteelbergweg 15, 082 394 6214 | Man en pa oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Daar is kuur vir sy siekte in Amerika. | Bid vir fondse en toeganklikheid tot kuur verkry word. |
| Maans Goussard | Villa Cortona 40, 083 546 0810 | Kanker | *Herstel en bemoediging* |
| Wouter Grové (14 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | *Herstel en bemoediging* |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kankerdiagnose | *Herstel en bemoediging* |
| Babs Cronjé | Fairtrees 17, 021 979 3019 | Operasie | *Herstel en bemoediging* |
| Magriet Roeland | Fairtrees 12, 072 715 1881 | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |
| Johan Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Vrou oorlede | *Troos en bemoediging* |
| JC Smith | Richterstraat 8., 082 563 0408 | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Kanker | *Herstel en bemoediging* |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Beenmurgkanker | *Herstel en bemoediging* |
| Danie en Alida Muller | Zandkloofweg 10, 076 177 7626 | Kanker | *Herstel en bemoediging* |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***







## Ons verwelkom met bewys van lidmaatskap:

Lesley Bastiaanse van Zyl vanaf Oudtshoorn-Park en Hanél van Wyk (nou Van Zyl) vanaf Loeriesfontein
Lize-Marié Haasbroek (nou Eksteen) vanaf Upington-Blydeville
Martha Maria Minnaar (nou Grobler) vanaf Soekmekaar
Stephanus Wilhelm de Goede en Hestelle Helena Roest (nou De Goede) vanaf Sonstraal
Barend Nicolaas Fourie en Magdalena Catherina Theron (nou Fourie) vanaf Suider-Strand
Tersia van Zyl (nou Lister) vanaf Vanderbijlpark-Suid
Hermanus Johannes Steyn, Adele Breedt (nou Steyn), Janru Hermanus Steyn en Francois David Steyn vanaf Parow Welgelegen
Elizabeth Johanna Aletta Henrico (nou Henning) vanaf Bloubergstrand
Petrus Jacobus Theron en Susanna Johanna Cronje (nou Theron) vanaf Parke Gemeente
Melize Marais (dooplidmaat) vanaf Sonstraal
Rudolf Petrus Munier du Plessis, Ann-Marie Louwrens (nou Du Plessis), Danielle en Tiaan du Plessis vanaf Stellenberg
Minke Mari Potgieter (nou Du Plessis) en Lexi en Cilliers du Plessis
Andries Jacobus Henning vanaf Constantiakruin
Marius Swanepoel, Catharina Elizabeth Eksteen (nou Swanepoel), Enya en Mira Swanepoel vanaf Durbanville
Richard Philippus Crafford (dooplidmaat) vanaf Reebok

# Ons daaglikse brood

## Bybelse vrygewigheid

Jesus het self gesê: "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang." (Hand 20:35) en:

"Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees." (Matt 6:21)

"Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here." En Haggai (2:8) bevestig dit: "Aan My behoort al die silwer, aan My al die goud, sê die Here die Almagtige."

Soos Paulus aan die Kolossense skryf (3:5): "Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is… en **gierigheid, wat afgodery is**." Want gierigheid dui daarop dat mens jou vertroue op geld, eerder as op die Here stel.

**Ons denke oor Dankoffers**

Die Bybel stel Rentmeesterskap voor as die **twee kante van dieselfde muntstuk**.

Die een kant is die vreugde en seën daarvan om lid van God se huishouding te wees; aan die ander kant is ons nie eienaars of besitters nie. Eerder is ons **"bestuurders"** van alles wat die Here aan ons toevertrou het, in die verwagting dat ons volgens God se plan sal bestuur en nie net vir ons eie voordeel nie. **Daarom praat ons van Koninkrykbestuur in Bergsig - ek en jy is Koninkrykbestuurders!**

Die Bybel leer vir ons dat iemand wat aan die Here behoort, sy/haar Dankoffer **as erkenning teenoor die Here gee** by die plek waar die Here aanbid en die gemeensaamheid van gelowiges ervaar word.

Dit word gegee met die **vertroue dat die gemeente se leierskap dit ten beste** vir die Koninkryk sal aanwend.

**Maniere van jou tiende gee:**

EFT, debietorder, Snapscan, Zapper, maandelikse dankofferkoeverte (in kollektebordjie of ingee by kerkkantoor), bankkollekte.

**Bykomend** tot die gewone Dankoffer gee gelowiges ook (bo-en-behalwe die dankoffer) offers vir spesifieke sake. **Byvoorbeeld vir GGO**, deuroffer en instansies waar jy belang het.

Maar die gewone dankoffer bly die kern.

**re#imagine Matriekfees!**
**NOORDHOEK**
**27 Nov - 4 Des 2019**

Matrieks van regoor die land kry kans om die jaar af te sluit langs die see waar 'n geestelike program aangebied word. Watter beter manier is daar om 'n nuwe lewensfase as jong volwassene te begin?

Om in te skryf stuur e-pos aan:

reimaginematriekfees@gmail.com of skakel Fanie by: 083 856 1951.

## DIENSTE BESKIKBAAR

### Mammas het jy 'n tydjie af nodig?

'n Uur of twee slaap, winkel toe gaan op jou eie? Kind siek? Ek kan jou kom help en aflos (R60 per uur)

### Administrasie

Formatering van dokumente
Belasting uiteensetting op Excel
Strokies uitsorteer, plak en liasseer. (R70 per uur)

**Rika Wessels 082 290 9358**




### Verbintenis Sinode 2019

Ons is in verwondering oor die verlossende werk van die Vader en die Seun en die Gees in ons gemeenskappe en hoe God ons deel maak daarvan as kerk.

In verootmoediging waag ons om eerlik te wees oor ons vrees en huiwering. Ons vertrou met broosheid die evangelie van die lewende Here Jesus Christus by wie daar geen onderskeid is tussen mense.

Ons verbind ons om verbeeldingryk as gestuurdes aan God se helende werk deel te neem tot florering van sy skepping, wetende dat die Gees vir ons pleit met onuitspreeklike versugtinge.

*"Maar vanjaar was dit anders – meer nog as die afgelope jare. Die oggendsessies was korter as voorheen en ek het aanvanklik gevrees dat ons minder waarde daaraan begin heg om voor die Here te buig voor die sakelys aan die orde kom. En toe raak die nuwe aanpak sigbaar. Die lang oggendsessie van sang, bybelstudie en gebed is opgebreek in kleiner momente wat versprei is deur die hele dag – hier 'n gebed, daar 'n paar liedere, dan weer 'n oomblik van stilword voor ons Here. En so word die sinode toe 'n liturgie, 'n vyfdag lange erediens. En so is ons deurlopend bewus gehou van die Here se wonderlike teenwoordigheid."*

**Vanjaar was dit anders… Breda Ludik, NG Helderberg**






## Kinderbeskermingsweek 26 Mei tot 2 Junie 2019

Het jy geweet dat van die 18,6 miljoen kinders in Suid-Afrika, 42% verwaarloos en mishandel word. Dit is amper die helfte van kinders in die land!

Gedurende 2018 het BADISA TRIO 10 890 mense (families en kinders) gehelp. Dit sluit in:
510 gevalle van kinderverwaarlosing,
118 gevalle van kindermishandeling,
99 gevalle van seksuele molestering.

Help Badisa met hul fondsinsamelings om meer mense te kan bedien deur 'n R10 plakker te koop en te dra in die week (of skenk sommer 'n groot klomp geld aan hulle).

**Bestel jou plakker by Sjean Smit**
**021 987 2940 of info@badisatrio.co.za**

# SPES BONA mark

Ons gaan die 1ste Junie weer 'n Markie hou op Spes Bona as fondsinsameling vir leierskaponderrig en gemeenskapstoerustig.

Enige skenkings om op die Markie te verkoop sal welkom wees, so as jy nou begeesterd voel om daardie regpak en mindermaak "springclean" aan te pak, is jy welkom om dit wat jy wil skenk by die kerk af te laai, gemerk vir Spes Bona.



Baie dankie dat ons kan vra.



## Glowkidz soek jou OM TE HELP

Ons kerk bedien elke Sondag sowat 150 kinders met 'n kindervriendelike erediens en kleingroepe waar die boodskap op 'n prettige en praktiese manier oorgedra word. Tans het die Here vir ons uiters begaafde mense gestuur wat elke Sondag die boodskap oordra. Hierdie mense doen fantastiese werk, maar moet dikwels met tot 40 kinders op 'n slag werk wat dit moeilik maak om op 'n persoonlike vlak regtig met die kinders betekenisvolle verhoudings te bou. Ons soek dus mense wat bereid is om net tussen die kinders te wees en met 'n klein groepie te gesels. Ons doen elke week 'n handwerkaktiwiteit en dis in hierdie tyd wat ons op die mat saam met maats sit en hulle wêreld leer ken en hul harte hoor. Jy hoef geen voorbereiding te doen nie, jy moet net opdaag! Ons het as gemeente by elkeen van ons kinders se doopgeleenthede beloof om medeverantwoordelik te wees vir hul geestelike opbou. Kom help ons asseblief om hierdie belofte na te kom. **It takes a village to raise a child…** Kontak Stephanie Steenkamp by 083 278 7111 of juniorjeug@bergsigdv.co.za vir meer inligting of om aan te meld.




**5 Junie is Bergsig se beurt by die gebedslokaal - El Shadai. Om saam te bid stuur naam na: geestelikeversorging @bergsigdv.co.za**

**Vir 10 dae bid 18 kerke saam vir Durbanville en die gemeenskap.**

**By die gebedslokaal stap ons saam deur**

**"Die wingerd".**

**Bergsig hier is ons kans om daadwerklik te bid vir al die kwessies en dinge wat pla in ons omgewing.**







## KINDERPINKSTER IN DIE SAAL






# Pinkster temas

**God ken my**

Hy soek my en onthou my. Jesus soek volgelinge. Joh. 1:14,18 Ps139:1-18 Matt 7:28

**Vergete God**

Lewe asof ons die Gees nie nodig het nie. Daarom lyk gelowiges dikwels nie anders nie. Hand 2:1-8, 12-18, 37-41 & Joh. 14:16-18, 25-26.

**Die stem van God**

Die geraas van die lewe veroorsaak dat ons God se stem nie hoor nie. 1 Kon. 19:9-13

**Wie is ek?**

Ons lewe vanuit ons identiteit. Wie ons is, bepaal hoe ons leef. Matt. 4:1-11

**Briewe van Christus**

God maak ons wie ons is – briewe van Christus geskryf deur die Gees. 2 Kor. 3:1-6





scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 018 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810